REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 401

CAPE TOWN, 2 NOVEMBER 1998

KAAPSTAD, 2 NOVEMBER 1998

No. 19419


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1399. 2 November 1998

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 96 of 1998: Parliamentary Villages Management Board Act, 1998.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1399. 2 November 1998

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 96 van 1998: Wet op die Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe, 1998.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 20 October 1998.)*

# ACT

**To provide for the establishment, functions and funds of the Parliamentary Villages Management Board; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "Board" means the Parliamentary Villages Management Board, established by section 2; (iii)

(ii) "Minister" means the Minister of Public Works; (i)

(iii) "parliamentary villages" means Acacia Park, Laboria Park, Pelican Park and any other place of accommodation for parliamentarians and sessional officials declared as such by the Minister. (ii)

**Parliamentary Villages Management Board**

**2.** (1) There is hereby established a juristic person, to be known as the Parliamentary Villages Management Board.

(2) The Minister shall appoint as members of the Board—

*(a)* the Director-General of Public Works, who shall be the chairperson of the Board;

*(b)* three residents, of whom two shall be parliamentarians and one shall be a sessional official, from every place of accommodation contemplated in the definition of "parliamentary villages", elected annually by the residents committee of the place in question; and

*(c)* the chairperson of the residents committee of every place of accommodation contemplated in the definition of "parliamentary villages".

(3) *(a)* The first meeting of the Board shall be held at a time and place to be determined by the chairperson, and subsequent meetings shall be held at such times and places as the chairperson with the approval of the Board may determine.

*(b)* The Board shall meet at least once every three months.

(4) The members of the Board shall at the first meeting of every newly constituted Board elect a vice-chairperson from their number.

(5) The Board shall frame rules governing its quorum, the procedure at meetings and, generally, the conduct of its functions, and may from time to time add to, alter or revoke any such rules.

(6) The Board may co-opt any person to serve on the Board in an advisory capacity, but such co-opted member shall not have any voting rights.

(7) No member of the Board shall be entitled to any remuneration in respect of any services rendered by him or her in connection with any function of the Board, but the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, compensate a member for any expense or loss incurred in connection with such service.

**Functions of Board**

**3.** (1) The Board shall—

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 20 Oktober 1998.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling, werksaamhede en fondse van die Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Minister" die Minister van Openbare Werke; (ii)

(ii) "parlementêre dorpe" Akasiapark, Laboria Park, Pelican Park en enige ander plek van verblyf vir parlementariërs en sessiebeamptes wat as sodanig deur die Minister verklaar is; (iii)

(iii) "Raad" die Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe, ingestel by artikel 2. (i)

**Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe**

**2.** (1) Hierby word 'n regspersoon bekend as die Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe ingestel.

(2) Die Minister stel as lede van die Raad aan—

*(a)* die Direkteur-generaal van Openbare Werke, wat die voorsitter van die Raad is;

*(b)* drie inwoners van elke plek van verblyf in die omskrywing van "parlementêre dorpe" beoog, van wie twee parlementariërs en een 'n sessiebeampte moet wees wat jaarliks deur die inwonerskomitee van die betrokke plek verkies moet word; en

*(c)* die voorsitter van die inwonerskomitee van elke plek van verblyf soos beoog in die omskrywing van "parlementêre dorpe".

(3) *(a)* Die eerste vergadering van die Raad word gehou op 'n tyd en plek wat die voorsitter bepaal, en daaropvolgende vergaderings word gehou op die tye en plekke wat die voorsitter met die goedkeuring van die lede bepaal.

*(b)* Die Raad vergader minstens een maal elke drie maande.

(4) Die lede van die Raad kies op die eerste vergadering van elke nuut saamgestelde Raad 'n ondervoorsitter uit hul midde.

(5) Die Raad moet reëls opstel ter reëling van sy kworum, die prosedure op vergaderings en, oor die algemeen, die verrigting van sy werksaamhede, en kan van tyd tot tyd sodanige reëls aanvul, wysig of intrek.

(6) Die Raad kan enige persoon koöpteer om in adviserende hoedanigheid op die Raad te dien, maar dié gekoöpteerde persoon het nie stemreg nie.

(7) Geen lid van die Raad is geregtig op enige vergoeding ten opsigte van enige dienste deur hom of haar gelewer in verband met enige werksaamheid van die Raad nie, maar die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, 'n lid vergoed vir enige onkoste aangegaan of verlies gely in verband met sodanige diens.

**Werksaamhede van Raad**

**3.** (1) Die Raad moet—

*(a)* provide transport from and to the parliamentary villages for residents who are in Cape Town;

*(b)* observe any tariff fixed by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and the Minister of Transport in respect of any service referred to in paragraph *(a)*, and shall be subject to such directions as the Minister may issue after consultation with the Board; and

*(c)* perform such duties as the Minister may determine.

(2) The Board may—

*(a)* take the steps necessary to provide for all the needs of the residents of the parliamentary villages;

*(b)* liaise with the South African Police Service regarding entry into and safety in parliamentary villages and the investigation of crimes committed in parliamentary villages; and

*(c)* make recommendations with regard to any matter contemplated in paragraph *(b)* to the Minister for Safety and Security.

**Funds of Board**

**4.** (1) The funds of the Board shall consist of—

*(a)* money appropriated by Parliament;

*(b)* money received under section 3; and

*(c)* any other money payable to and received by the Board.

(2) The Board shall keep in the form approved by the Treasury with the concurrence of the Auditor-General, a full and correct account of all money received and expended by the Board, which shall annually be audited by the Auditor-General.

(3) The financial year of the Board shall end on 30 June of each year.

(4) Any surplus in the funds of the Board at the end of any financial year shall be utilised by the Board in such manner as the Board may determine with the concurrence of the Minister and the Minister of Finance.

**Exemption from taxes**

**5.** No licence money, tax, duty or fee shall be payable by the Board in terms of any law in respect of its operations under this Act.

**Saving**

**6.** (1) The Acacia Park Board of Control referred to in section 28 of the Finance and Financial Adjustments Acts Consolidation Act, 1977 (Act No. 11 of 1977), shall cease to exist on the day immediately preceding the date of the first meeting of the Board, and all rights, obligations, assets and liabilities acquired or incurred by the Acacia Park Board of Control shall vest in the Board.

(2) Any activity carried on under section 28(2)*(c)* of the Finance and Financial Adjustments Acts Consolidation Act, 1977 (Act No. 11 of 1977), shall be continued until the Board has taken steps to provide for such an activity under this Act or has decided not to provide for such an activity.

**Law repealed**

**7.** Section 28 of the Finance and Financial Adjustments Acts Consolidation Act, 1977 (Act No. 11 of 1977), is hereby repealed.

**Short title**

**8.** This Act is called the Parliamentary Villages Management Board Act, 1998.

(a) vir inwoners wat in Kaapstad is vervoer verskaf vanaf en na die parlementêre dorpe;

(b) die tarief deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies en die Minister van Vervoer bepaal, handhaaf ten opsigte van enige diens bedoel in paragraaf (a), en is onderhewig aan die lasgewings wat die Minister na oorleg met die Raad oplê; en

(c) die pligte verrig wat die Minister gelas.

(2) Die Raad kan—

(a) die stappe doen wat nodig is om in al die behoeftes van die inwoners van die parlementêre dorpe te voorsien;

(b) met die Suid-Afrikaanse Polisiediens skakel betreffende toegang tot en veiligheid in parlementêre dorpe en die ondersoek van misdrywe wat in die parlementêre dorpe gepleeg is; en

(c) voorstelle oor enige aangeleentheid in paragraaf (b) beoog aan die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit doen.

**Fondse van Raad**

**4.** (1) Die fondse van die Raad bestaan uit—

(a) geld bewillig deur die Parlement;

(b) geld kragtens artikel 3 ontvang; en

(c) enige ander geld betaalbaar aan en ontvang deur die Raad.

(2) Die Raad hou in die vorm deur die Tesourie met die instemming van die Ouditeur-generaal goedgekeur 'n volledige en korrekte rekening van alle geld deur die Raad ontvang en bestee, wat jaarliks deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word.

(3) Die boekjaar van die Raad eindig op 30 Junie in elke jaar.

(4) Enige surplus wat aan die einde van enige boekjaar in die fondse van die Raad bestaan, word deur die Raad aangewend op die wyse wat die Raad met die instemming van die Minister en die Minister van Finansies bepaal.

**Vrystelling van belasting**

**5.** Geen lisensiegeld, belasting, reg of geld is deur die Raad ingevolge enige wet ten opsigte van sy bedrywighede kragtens hierdie Wet betaalbaar nie.

**Voorbehoud**

**6.** (1) Die Akasiaparkbeheerraad bedoel in artikel 28 van die Konsolidasiewet op Finansie- en Finansiële Reëlingswette, 1977 (Wet No. 11 van 1977), hou op om te bestaan op die dag onmiddellik voor die datum van die eerste vergadering van die Raad, en alle regte, verpligtinge, bates en laste opgeloop of aangegaan deur die Akasiaparkbeheerraad vestig in die Raad.

(2) 'n Bedrywigheid wat kragtens artikel 28(2)(c) van die Konsolidasiewet op Finansie- en Finansiële Reëlingswette, 1977 (Wet No. 11 van 1977), voortgesit is, gaan voort totdat die Raad stappe gedoen het om kragtens hierdie Wet vir so 'n bedrywigheid voorsiening te maak of besluit het om nie vir so 'n bedrywigheid voorsiening te maak nie.

**Wet herroep**

**7.** Artikel 28 van die Konsolidasiewet op Finansie- en Finansiële Reëlingswette, 1977 (Wet No. 11 van 1977), word hierby herroep.

**Kort titel**

**8.** Hierdie Wet heet die Wet op die Bestuursraad vir Parlementêre Dorpe, 1998.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000